

ONDERRIG VAN AFRIKAANS AS ADDISIONELE TAAL

Gehalte-onderrig in Afrikaans as addisionele taal vir niemoedertaalsprekers van Afrikaans is noodsaaklik vir die uitbou en omarming van Afrikaans met al sy variasies. Afrikaans as addisionele taal word landwyd op skoolvlak aangebied, maar daar is bevind dat onderwysers nie genoegsame ondersteuning kry om dié vak aan te bied nie.

1 Wie moet hiervoor inskryf?

Die kursus is ideaal vir voornemende en huidige onderwysers wat gekwalifiseerd is om Afrikaans as vak aan te bied. Onderwysers wat nie gekwalifiseer is om Afrikaans as vak aan te bied nie, maar hulself in 'n posisie bevind waar hulle Afrikaans as vak op addisionele vlak moet onderrig, sal ook geweldig by hierdie kursus baat.

2 Toelatingsvereistes

- Voornemende onderwysers (studente wat tans besig is met 'n onderwysgraad)
- Gekwalifiseerde onderwysers

3 Koste

R1 500 per week (uitgesluit oriënteringsweek) vir 4 weke: R6 000 + R550 vir studiemateriaal per kursusganger = R6 550.

4 Studiemateriaal

- 'n Elektroniese kopie van die boek *Kortpad-Afrikaans* (Loader. Van Dyk en Human, 2022) word as deel van die kursuskoste aan kursusgangers beskikbaar gestel.
- Addisionele artikels word op Platform aan kursusgangers beskikbaargestel.
- Alle kontaksessiemateriaal word op Platform aan kursusgangers beskikbaar gestel.



AKADEMIA *et al.*

KORTKURSUSSE GERIG OP INSIG EN PRAKTYK

5 Leeruitkomste

Akademia beoog om met hierdie kortkursus voornemende en huidige Afrikaanse onderwysers te bemagtig met die kennis van die onderrig van Afrikaans as addisionele taal op skoolvlak.

Ná suksesvolle voltooiing sal studente die kennis en vaardighede hê om ...

- oor 'n deeglike teoretiese begronding te beskik vir Afrikaans addisionele taalonderrig binne al vier die taalkomponente (luister, lees, praat en skryf) asook woordeskatverwerwing en taalstrukture met spelling.

6 Model

Orwegend aanlyn met 'n kombinasie van selfgerigte aktiwiteite en een aanlynkontaksessie per week wat twee ure per week sal duur.

Die kredietwaarde van hierdie kursus is gelykstaande aan vyf (5). Daar word voorgestel dat elke krediet tien (10) leerure omvat, dus is die totale leerure vir hierdie kursus 50 leerure.

7 Duur en voorgestelde datums

Een oriënteringsweek + vier weke se selfgerigte leer en twee ure per week aanlyn kontaksessies.

Oriënteringsweek	24-28 Julie 2023	26 Julie 2023: Oriënteringskontaksessie (18:00-19:00) Aanbieder: Annelise de Vries
Eenheid 1	31 Julie-4 Augustus 2023	2 Augustus 2023: Kontaksessie 1 (18:00-20:00) Aanbieder: Karien Brits

AKADEMIA *et al.*

KORTKURSUSSE GERIG OP INSIG EN PRAKTYK

Eenheid 2	7-11 Augustus 2023	9 Augustus 2023: Kontaksessie 2 (18:00-20:00) Aanbieder: Carmen du Plessis
Eenheid 3	14-18 Augustus 2023	16 Augustus 2023: Kontaksessie 3 (18:00-20:00) Aanbieder: Carmen du Plessis
Eenheid 4	21-25 Augustus 2023	23 Augustus 2023: Kontaksessie 4 (18:00-20:00) Aanbieder: Sanet du Plessis

8 Assessering

- Vier kleiner deurlopende assessoringsopdragte.

9 Kursusinhoud

Eenheid 1 – Destigmatisering en regverdiging van Afrikaans as addisionele taal op skoolvlak

- Die komplekse taalpolitieke en meertalige landskap van Suid-Afrika.
- Afrikaans se plek as voertaal binne die onderwyssektor van Suid-Afrika (skool/universiteit/HT/EAT).
- Verskillende variëteite van Afrikaans en die plek van Standaardafrikaans (AWS-spelling).
- Destigmatiseringsmaatreëls vir Afrikaans.
- Die Afrikaans Addisionele Taal-kurrikulum van Suid-Afrika en Afrikaans (EAT en TAT).

AKADEMIA *et al.*

KORTKURSUSSE GERIG OP INSIG EN PRAKTYK

Eenheid 2 – Die skoolkurrikulum (KABV) en addisioneletaalonderrigmetodiek

- Skoolfases (grondslag, intermediêr, senior, VOO).
- Onderrigbenaderings vir addisioneletaalonderrig (Teks, Kommunikatief, Proses, Geïntegreerd).
- Taalvaardighede (4) soos in die KABV (Luister/Praat; Lees/Kyk; Skryf/Aanbied; Taalstrukture en -konvensies).
- Multitalige onderrigstrategieë (en kodewisseling, vertaling, transtaling in die klas).
- Assessering (nasiensimbole, Bloom en Barrett se Taksonomieë, rubrike, assessoringsplan, vraagformulering, opstel van assessorings).
- Modereringsproses vir Afrikaans.
- Die rol van die Afrikaansonderwyser. / Goeie klaskamerpraktyk.
- Lesbeplanning (onderrigbenaderings).
- Formate by kreatiewe en (lang/kort) transaksionele skryfwerk.

Eenheid 3 – Taalleer op skoolvlak

- Oorsig oor die kurrikuluminhoud wat in Afrikaans EAT -taalleer voorkom en onderrig moet word (taalstrukture en -konvensies).
- Hulpbronne (Viva se taalonderrigportaal, *Kortpad-Afrikaans*).
- Moontlike uitdagings/probleme wat by Afrikaanse taalleer in EAT voorkom
- <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/1268-stompi-kry-n-nuwe-vorm-ontmoet-vir-stomp>
- Onderrigbenaderings /onderrigmetodiek (kyk na Engels en ander tale).

Eenheid 4 – Letterkunde op skoolvlak

- Oorsig oor die kurrikuluminhoud wat in EAT-letterkunde voorkom en onderrig moet word (genres).
- Onderrigbenaderings en hulpbronne (bv. film en ander multimodale hulpbronne).
- Tekskeuse (leesbaarheidsindeks/Misindeks).
- Leesstrategieë
- Moontlike uitdagings/probleme wat by Afrikaanse letterkunde (poësie/prosa) in EAT voorkom.

10 Suksesvolle voltooiing van die kursus

Om hierdie kursus suksesvol te voltooi moet al vier die deurlopende assessorings voltooi word en 'n persentasie van ten minste 50% per assessering behoort behaal te word.

Kontaksessies is verpligtend, tensy 'n reëling vooraf gemaak word. Indien 'n kursusganger vooraf met die kursusleier gereël het dat hy/sy nie die klas kan bywoon nie, sal 'n opname van die betrokke kontaksessie aan die kursusganger gestuur word via 'n skakel.

Indien 'n kursusgangers aan al die vereistes voldoen het, sal 'n elektroniese sertifikaat van erkenning aan die kursusganger uitgereik word.

11 Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SACE)

Hierdie kursus is geregistreer by SACE (*Provider number:* HE000000946), dus kan kursusgangers met 'n SACE-nommer CPTD-punte vir die kursus ontvang.

12 Kontak

Dr Annelise de Vries

annelise@akademia.ac.za

Voeg in die onderwerpslyn van u e-posnavraag: Navraag: Onderrig van Afrikaans as addisionele taal